Horizon News
Horisonnuus

Huis Horison Horizon House

'n Vlam van hoop vir mense met intellektuele gestremdheid

A flame of hope for intellectually-impaired people

NOVEMBER 2011 JAARGANG ISSUE 3 NOMMER NUMBER 2

Riza Heyns en Ina Theron



Kyle borsel vir Joe wat Huis Horison al sedert 2006 saam met P.A.T. besoek.

Louise Gerber spog met 'n kleurvolle serp wat Hessie Mostert gehekel het.

Hulle gee ons vlerke

Met reëlmaat verskyn hulle waar hulle tuis voel – by die handwerk-afdeling, by die herwinningsafdeling (met vragte vol herwinbare items), in die gimnasium, voor 'n kermis by die bakkery. Of hulle kom kuier saam met hul honde by ons inwoners. Ander kom nie noodwendig self Huis Horison toe nie, maar rond handwerkartikels tuis af of stuur idees en materiaal om te verwerk. Dis ons vriende, die vrywilligers, die engele wat ons hande kom versterk. Hierdie ekstra hande, voete en harte vol liefde vir ons inwoners maak 'n reuse verskil en stel die personeel in staat om meer doelwitte te bereik en nog meer vir die inwoners en dagwerkers te beteken.

Mariëtte Nieuwoudt, die instrukteur by die handwerkafdeling, het net die grootste lof vir al die vrywilligers wat hulle tyd gee en met oneindige geduld vir die werkers nuwe vaardighede kom aanleer en hulle help om items af te rond. Bettie Marais, Ina Theron en Louise Gerber is elke week op hul pos om Mariëtte se hande met hul kundigheid en ervaring te versterk. Die "kaartjie-tannies", Clasie Hattingh en Sophia van Niekerk, kom elke tweede Donderdagoggend en die inwoners beskou hulle al as ekstra oumas.

Die vrywilligers van Pets as Therapy (P.A.T.), Marieanna en Joana, besoek Huis Horison sedert 2006 met hul honde Pietie en Joe. Marieanna en Pietie besoek die studentehuis terwyl Joana en Joe by die ander inwoners gaan kuier. Die inwoners geniet die besoeke terdeë en wil net altyd weet wanneer hulle weer kom.

Pets as Therapy organiseer terapeutiese besoeke van troeteldier-eienaars, wat vrywillig onderneem om hul vriendelike diere (hoofsaaklik honde en katte) na mense in hospitale, tehuise, verswakte sorg-eenhede, skole vir kinders met spesiale behoeftes en vele ander instansies te neem. P.A.T. se besoeke bied geselskap, ondersteuning, vertroosting, vreugde, stresverligting en stimulasie aan dié wat tydelik of permanent gestrem is. Besoek gerus hul webwerf www.pat.org.za vir meer inligting of kontak Marieanna by 021 808 3444.

Verskeie kerk- en studentegroepe kom ook gereeld besoek aflê. Dit is vir inwoners sowel as gaste verrykend om meer van mekaar te leer en iets van hulleself met iemand anders te deel.

Lees ook op bladsy 4 Willem van Tonder se gimnasiumprogram.

Iemand het eenkeer gesê: "Wanneer jy jou geld gee, het jy nog nie regtig gegee nie; dis eers wanneer jy jou tyd of jouself gee, dat jy regtig gee," en dis presies wat al ons vrywilliger-vriende doen. En as jy as 'n vrywilliger by Huis Horison betrokke wil raak, hoor ons graag van jou.

Huis Horison/Horizon House
Patrysstraat 1 Patrys Street
Onder-Papegaaiberg
Stellenbosch 7600

Posbus/PO Box 102
Stellenbosch 7599

T 021 887 5080
F 021 887 5337
E admin@huishorison.org.za
W www.huishorison.org.za

NWO 0030-306 NPO
BTW/VAT Reg 4590129161

BANKBESONDERHEDE/BANKING DETAILS

Naam/name: Huis Horison
Bank: Nedbank Business Winelands
Tjekrekening/current account: 1498044247
Takkode/branch code: 149821

From the Director

For the past year the question in my mind has been: Can Horizon House become a community of purpose in the virtual as well as a practical, concrete sense? When we function as a virtual community of purpose we bring richness, dynamism and immediacy into our community. We then interpret our way of community living in an integrated and synergistic way, creating a holistic lifestyle, where people and ideas and residents live together and thrive in acceptance and wholeness.

Small beginnings should never be despised and I believe we take the first steps in being a virtual community of purpose when we bring our diverse and committed volunteers and our active website, Facebook page and Twitter into focus in this newsletter. Please join our community and bring your talents and contributions to enrich the lives of our residents but also (and especially) to allow their uniqueness to influence and touch you.

Elza Bresler

SWIPE and Horizon House benefits

Horizon House is a member of the MySchoolMyVillageMyPlanet fundraising programme. Please consider us as a beneficiary if you already have a card, or call us to organise a card for you.

- MySchoolMyVillageMyPlanet is a South African fundraising programme that raises essential funds for schools, welfare organisations and charities with the aim of improving education, social development and the environment.
- MySchoolMyVillageMyPlanet members are encouraged to participate by swiping their cards at participating stores and partners. These include local businesses as well as national partners such as Woolworths, Engen QuickShop, Waltons, kalahari.net, Reggie's, Toys R Us, SupaQuick, Jack's Paint & Hardware, Club Travel, Toner Town, Altech Netstar and kalahari.com.
- When a person applies for a MySchoolMyVillageMyPlanet card, he or she nominates a school or charity as a beneficiary. A small percentage of each transaction is then allocated to the beneficiary school or charity. All transactions are recorded and a statement is sent to the individual supporter each month.
- Members do not incur any costs. The store or partner makes a donation of up to 10% of a member's overall purchases towards their chosen beneficiary/ies (up to three may be nominated) - on their behalf.
- MySchool beneficiaries are schools listed on the MySchool fundraising programme.
- MyVillage beneficiaries are charities that provide upliftment to communities and individuals in various ways, such as orphanages, Horizon House and CHOC.
- MyPlanet beneficiaries are organisations that focus on the improvement and protection of the environment and animals, such as Endangered Wildlife Trust, SPCA and Birdlife SA.
- MySchoolMyVillageMyPlanet manages the issuing of cards, collection of all transactions, invoicing of the partners and allocation of the funds to the correct beneficiary. The supporter card is not a credit or debit card but serves as a measure through which valuable supporter data, such as transactions and funds raised for a particular school or charity, are tracked.
- To become a supporter, simply register by completing the online application form (go to www.myschool.co.za) or visit a Woolworths store and get a card from the Customer Service desk. You can also contact Martie de Lange or Moira Lee at Horizon House for more information.

TOP LEFT: Executive director Elza Bresler, Bertus Basson, George Jardine and Martie de Lange

TOP: Michael Broughton

LEFT: Food for connoisseurs

In August sixty guests could indulge in culinary delights prepared by three of South Africa's top chefs and enjoy a performance by local musicians to boot. The event? A fundraising dinner with a difference.

George Jardine from Jordan Restaurant, Michael Broughton from Terroir and Bertus Basson from Overture teamed up to create an exceptional dining experience. Their restaurants have all featured in the Top 10 of the former Eat Out awards, so you can imagine what their combined efforts were like!

With dishes complemented by some of the Stellenbosch district's superlative wines, and music by the talented and renowned Niël Rademan and friends, it was a truly memorable experience.

MOBIELE EENHEDE SKEP MEER SPASIE

BO: 'n Eenheid word in posisie geplaas.

LINKS: Die gastekamer, Crooked Little House

Sanlam verf Huis Horison ... nie blou nie

Die Global BlueStar-sake-eenheid van Sanlam in Stellenbosch het geld geskenk sodat Koshuis 2 se sitkamer geverf kon word. Hier kuier Trevor Atterbury van Sanlam, inwoner Michael Broekhuizen, Huis Horison se terapeutiese en werksarea-hoof Elize le Roux, advokaat Corneel Pieters en Ermari Coetzee, beide van Sanlam, gesellig saam in die nuutgeverfde lokaal.

TEATER-SKOENE VIR MEDICLINIC

Die handwerkafdeling van Huis Horison het vanjaar teater-oorskoene vir die MediClinic-hospitaal gemaak. By die oorhandiging van die skoene was Ansie Kotze van Huis Horison, suster Nita Jooste, teaterbestuurder, Anthea Hotz en Lee Ann Hawkins van Huis Horison en nog 'n personeellid van MediClinic.

Remgro se skenking van drie mobiele eenhede aan Huis Horison het op een slag sommer 'n paar drome werklikheid laat word. Een van die eenhede word aangewend as opleidingslokaal en 'n kantoor vir die opleidingspersoon. Die tweede eenheid is ingerig as 'n gastekamer, waar inwoners terselfdertyd opleiding ontvang om 'n gastekamer te versorg. Hulle kan dan moontlik later deur gastehuise in diens geneem word. Die derde eenheid gaan as 'n verkoopspunt vir Huis Horison se produkte gebruik word.

Ouers, familielede en die publiek kan voortaan by Crooked Little House, die gastekamer, tuisgaan. Vir meer inligting en besprekings kan jy Annatjie Ludik by 021 887 5080 of 083 571 1343 kontak. Jy kan ook 'n faks stuur na 021 887 5337. Die kamer is toegerus met twee enkelbeddens of een koningsgrootte bed, 'n badkamer met 'n bad, 'n sitarea en lugversorging. Daar is ook noodsaaklikhede soos koffie, tee en beskuit. Die koste is R200.00 per nag.

Sport en sports ...

... IN DIE GIMNASIUM

Willem van Tonder, tweede van links, het sedert April 2011 nuwe lewe in die oefensessies by ons gimnasium geblaas. Willem het sport en bemarking studeer en is 'n gekwalifiseerde muurbalafrigter en skeidsregter. Hy werk by die Van der Stelsportklub, maar gee elke week 'n paar uur van sy tyd om Huis Horison se inwoners te wys hoe om hul liggame soepel en sterker te maak sodat hulle beter kan funksioneer en 'n hoër lewenskwaliteit kan handhaaf. Hy het aanvanklik begin met remediërende oefeninge, maar sê dat die groepie wat saam met hom oefen, goed vorder en dat hy hul oefenprogram maandeliks aanpas.

... OP DIE KRIEKETVELD EN IN DIE SWEMBAD

'n Groep studente van die Universiteit Stellenbosch bied gereeld aërobiese oefeninge in die swembad vir ons inwoners aan. Wanneer die weer dit nie toelaat nie, speel hulle graag krieket.

RUK EN ROL ... VIR 'N GOEIE SAAK!

Mouveen Otto, Juanita Bester, residensiële hoof Riana Benn en Andrea Daniels (voor) bewonder die Loslitdagkoek wat Merna Pool spesiaal vir die geleentheid gebak het. Die inwoners en personeel het saamgespeel en op 2 September volgens die tema, Ruk en Rol, aangetrek. Hierdie nasionale fondsinsamelingsprojek het ten doel om fondse vir mense met alle tipe gestremdhede in te samel en Huis Horison het vanjaar weer daaraan deelgeneem.

Huis Horison se webwerf het 'n splinternuwe baadjie aan

Besoek ons gerus by **www.huishorison.org.za** en volg ook die skakel na ons sakeprofiel op Facebook.

'N BOOM vir Riana

Riana Benn het diep spore getrap in die tien jaar wat sy by Huis Horison gewerk het, eers as huisouer en later as hoof: residensiële dienste. Nou het haar gesin egter Mosselbaai toe verhuis, en Riana moes ons groet. Om haar te onthou, is 'n boom op nasionale boomplantdag as 'n lewende monument vir haar geplant.

Riana het die afgelope dekade baie hoogtepunte by Huis Horison beleef. Dit was vir haar kosbaar om 'n pad met 'n inwoner te kon stap, te werk aan uitdagings, inwoners te help om aspekte van hul persoonlikhede te ontwikkel, en om te weet 'n mens kon groei bewerkstellig, tot voordeel van die betrokke persoon én die groep as geheel. Sy gaan die inwoners en elkeen se unieke persoonlikheid onthou, asook al die klein dingetjies in die lewe waaraan hulle ons herinner en wat vir hulle belangrik is.

Ma Riana, ons wens jou en jou gesin net die mooiste vir die toekoms toe. Dankie vir jou nalatenskap by Huis Horison.

Ways to get involved

- Make a single donation;
- Complete a debit order form for regular donations;
- Support our fundraising efforts by attending our functions - you could even host a table or sell tickets;
- Become a member of the Horizon House Circle of Friends and we will keep you informed through our newsletter;
- Make Horizon House one of your beneficiaries on the MySchoolMyVillageMyPlanet card;
- Remember us in your will;
- Support our workshops:
  - buy our bakery's products;
  - bring us your waste for recycling (paper, clean plastic, etc);
  - buy some of our crafts and handwork - or place an order for something unique;
  - obtain a quote for restoring your furniture. You could also buy hand manufactured garden and patio furniture at the centre.

E-mail bemarking@huishorison.org.za, should you need more information on any of the above-mentioned.

BELANGRIKE DATUMS: 12 April 2012 - Huis Horison se gholfdag